



In die NAAM van ...

Die term “naam” is tans onder die loep. In die vorige uitgawe van Die Skietlood was die denkwêreld van die Ou Testament ondersoek met die oog op die betekenismoontlikhede van “naam”. Met tyd en nuwe omstandighede kom daar veranderende perspektiewe, Interpretasies skuif aan. Dieselfde geld die verstaan van die term “naam”. Al is dit so dat baie van die betekenisvelde onveranderd geld omdat dit steeds die Jode is wat die term gebruik, het die Griekse en Romeinse invloede verstaansverskuiwings veroorsaak.

Nuwe Testament

Baie van die betekenismoontlikhede is oorgeneem vanuit die Ou Testamentiese denkraamwerk en tog het daar verskuiwings gekom. Die volgende verstaanvelde is prominent in die Nuwe Testamentiese denkraamwerk:

Naam as onderskeidingsmeganisme.

Al is dit voor die hand liggend, is dit tog belangrik om te stel dat ‘n naam gebruik word om die een van die ander te onderskei. Jesus praat van die herder wat sy skape by naam roep, om hulle te onderskei van die ander. Om die naam van die skaap te ken, is om die skaap te ken en te kan onderskei van ander skape. Net so weet die skaap dat dit juis hy is wat geroep word. Dit is ook die primêre betekenis wat ons vandag aan “naam” koppel.

‘n Naam kon ook verander word om by nuwe kontekste in te pas. Saulus van Tarsus word Paulus, die Hebreeuse naam word verander na sy Romeinse ewenaam omdat Paulus op sy

sendingreise na die heiden-nasies gestuur word. So is sy naamsverandering simbolies van die Evangelie wat wyer gaan as net die Joodse gehore.

Naam en persoonlikheid. ‘n Naam het soms gedui op die persoonlikheid van die persoon. Dit was nie noodwendig in die eerste naam wat die persoonlikheid aangedui is nie (anders as in die Ou Testament), maar in die byvoeging. Die bynaam is soms bygevoeg om persoonlikheid te wys soos met Jakobus en Johannes wat genoem word die seuns van die donder (*Markus 3:17* “aan hulle het Hy die bynaam **Boanêrges** {*Βοανεργές*} gegee, dit is, seuns van die donder”). Simon die Yweraar verwys na sy persoonlikheid, maar ook na die groep waarvan hy deel was. Hy word ook genoem Simon Kananites (*Markus 3:18*), maar dit is net die wisselvorm vir Seloot (yweraar) wat afgelei is van die Hebreeuse woord vir yweraar (**אֲנִי**) en nie verwysing na streek of tuisdorp nie.

Naam en boodskap. Somtyds het ‘n naam ‘n boodskap met dieper betekenis oorgedra. So moes Elisabet en Sagaria hulle seun Johannes noem. Sy naam is in opdrag gegee, want sy naam dui op ‘n dieper betekenis. Johannes herinner aan “God is genade” en hy sou optree as voorloper vir die Een wat God se genade finaal sou vestig op aarde. Ons Verlosser se naam is ook aan Hom gegee in opdrag van die Here; Jesus in Grieks, Josua in die Hebreeus en Aramees herinner aan verlosser (God gered – **יְהוֹשֻׁעַ**).

Soos in die Ou Testamentiese tyd het naamsverandering en naamgewing soms

gepaard gegaan met verandering in status en so moes die nuwe boodskap ook in die naam weergegee word. Verandering in status, het ook verandering in naam beteken vir Simon wat geword het, Petrus (rots).

Naam en mag was ook gekoppel. “In wie se naam is die verlamde genees?” vra die Sanhedrin, Handeling 4:7

Naam en reputasie. Dit is ‘n skaars gebruik in die Nuwe Testament en tog word dit gebruik. Twee voorbeelde sal dit illustreer. Net Jesus se naam in terme van reputasie was aan Herodes bekend. *Lukas 23:8 En toe Herodes Jesus sien, was hy baie bly, want hy was al geruime tyd begerig om Hom te sien, omdat hy veel van Hom gehoor het; en hy het gehoop om een of ander teken te sien wat deur Hom gedoen sou word. Matteus 14:1 En in daardie tyd het Herodes, die viervors, die gerug van Jesus gehoor. Matteus 14:3 Want Herodes het Johannes gevang, hom geboei en in die gevangenis gesit vanweë Heródias, die vrou van Filippus, sy broer. Markus 6:14 Toe koning Herodes dit hoor—want sy naam het bekend geword—het hy gesê: Johannes die Doper het uit die dode opgestaan, en daarom werk dié kragte in Hom.* Die ander voorbeeld vind ons in Openbaring 3:1 *En skryf aan die engel van die gemeente in Sardis: Dít sê Hy wat die sewe Geeste van God en die sewe sterre het: Ek ken jou werke, dat jy die naam het dat jy leef en jy is dood.* Sardis gemeente se reputasie was een van lewe, maar in God se oë was die gemeente dood.

Naam as verwysend na persoon. ‘n Unieke manier om “naam” *onoma* te gebruik, is om te verwys na ‘n groep persone. Ons lees in: Handeling 1:15

ἦν τε ὄχλος ὀνομάτων ἐπὶ τὸ αὐτὸ ὡς ἑκατὸν εἴκοσιν *die skare van persone daar bymekaar, was omtrent honderd en twintig* Openbaring 3:4 ἀλλὰ ἔχεις ὀλίγα ὀνόματα ἐν Σάρδεσιν *Maar jy het enkele persone ook in Sardis* Openbaring 11:13 καὶ ἀπεκτάνθησαν ἐν τῷ σεισμῷ ὀνόματα ἀνθρώπων χιλιάδες ἑπτὰ *en sewe duisend mense het in die aardbewing omgekom.* Hierdie drie voorbeelde dui aan dat naam, wat ons as spesifieke aanduiders verstaan, tog ook ‘n meer algemene betekenis kan hê. M.a.w. *onoma* kan ook gebruik word te verwys na persone of skare. Nie alle gevalle waar *onoma* gebruik word, is ewe maklik om te vertaal nie. As voorbeeld kan ons kyk na Handeling 18:15 (*εἰ δὲ ζητημα ἐστὶν περὶ λόγου καὶ ὀνομάτων καὶ νομοῦ τοῦ καθ’ ἡμᾶς ὀψεσθε αὐτοὶ κριτῆς*), maar as dit ‘n geskil is oor ‘n woord en oor name en oor ‘n wet wat vir julle geld, kan ook vertaal word met *maar as dit ‘n geskil is oor ‘n woord en oor persone en oor ‘n wet wat vir julle geld.* Albei vertalings sal in die konteks sin maak. Soms moet ons maar net kies

Dit is duidelik dat daar steeds ‘n verskeidenheid maniere is waarop die term, “naam” vertaal en verstaan kan word. Dit raak al hoe meer duidelik dat ‘n gesprek wat nie die konteks en die ryke diepte van die term ken nie, geknelter sal word deur ‘n oppervlakkige lees en verstaan.

‘n In diepte kyk na die naam van die Here sal moet wag tot ‘n volgende keer.